## VAN DIE REDAKSIE

# DIE AFRIKAANSE EISTEDDFOD

DIE Afrikaanse Eisteddfod wat op 12 Augustus in die Kaapstadse stadsaal 'n aanvang geneem het, is nog aan die gang. Elke week word 'n groot aantal wedstryde op verskillende plekke afgehandel en die uitstalling van hande- en naaldwerk in die kunssaal van die Argusgebou, het skitterende werk openbaar. Dit is die drie-en-twintigste jaar dat die Afrikaanse wedstryde in Kaapstad gehou word — selfs deur die moeilike oorlogsjare heen is dit nie onderbreek nie — en daar was byna elke jaar nog 'n toename in die getal inskrywings. Dit is dus nie vreemd dat daar vanjaar ook weer 250 meer inskrywings is as verlede jaar en die groottotaal ruim 2000 beloop nie.

Die afdelings waarin die drukste meegeding word, is dié vir naald- en handewerk, klavierspel en voordrag. Die afdeling vir skoolkore is uiteraard tot 'n klein kring beperk, en tog was daar vanjaar weer so baie inskrywings dat dit skaars in een aand afgehandel kon word. Die koorsang van die kinders was weer van besonder hoë peil. 'n Kenmerk van dié afdeling was dat ook kore van skole met Engels as voertaal meegeding het. Dié kore moet nie net mooi sing nie; hulle moet ook die woorde reg uitspreek, want by die beoordeling word streng op die uitspraak gelet. Dit is veelseggend dat die skild van „Die Huisgenoot" vanjaar deur 'n Engelse laerskool verower is.

In die ope klasse het ook 'n hele aantal kore meegeding en die sangwerk was van besonder hoë peil. Dit is egter opvallend dat net een kerkkoor deelgeneem het. 'n Mens is verbaas en teleurgestel dat die kerkkore van Kaapstad, Parow en Stellenbosch, wat verlede jaar op Stellenbosch en in Kaapstad aan die groot sangfeeste deelgeneem het, nie ingeskryf en hul kragte teen mekaar gemeet het nie. Ons vertrou werklik dat aanstaande jaar so baie kerk- en ander kore sal meeding dat, net soos vir die kinderkore, 'n hele aand uitsluitend aan koorsang gewy sal moet word.

In die afdeling vir orkeste was die getal inskrywings goed en die gelewerde werk van goeie gehalte. Die afdeling vir letterkunde is egter teleurstellend. In die beginjare van die Eisteddfod is hierdie afdeling goed ondersteun; veral die kortverhale was van so 'n gehalte dat behalwe dié wat pryse verower het, nog 'n hele aantal gepubliseer kon word. Nou het die inskrywings so verminder en is die peil so laag dat vanjaar nie eens 'n prys vir 'n kortverhaal toegeken kon word nie. Dieselfde geld vir die poësie. Die goue medalje van A. G. Visser wag al baie jare op iemand wat dit met 'n deeglike gedig kan verower. Waar is ons skrywers en digters dan?

Die Afrikaanse Eisteddfod sluit sy werksaamhede af met 'n groot Pryswinnerskonsert op Vrydagaand 16 September in die Kaapstadse stadsaal. Dit sal die kroon span op die onbaatsugtige werk van die bestuur en die organiseerders. Ons twyfel nie daaraan dat die publiek van Kaapstad en omstreke hul waardering sal betuig deur die saal kant en wal vol te pak nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012